KLK
Landbou Beperk
1997/015589/06

Posbus 86, Upington, 8800
Epos: marlene@klk.co.za
☎ 054-337 6289
🖷 054-331 1329

Karakoelstraat 20, Upington, 8801
Web: www.klk.co.za

Geagte Aandeelhouer en kliënt

IS: KLK VERBREED HORISONNE DEUR SAMEWERKNGSOOREENKOMS MET ABSA VERSEKERINGS- EN FINANSIËLE ADVISEURS (EDMS.) BPK.

Die korttermyn versekeringsbesigheid van KLK betree 'n nuwe tydvak deur die geleenthede wat binne KLK se bedieningsgebied en bronne bestaan, verder te ontgin en uit te brei. KLK het die geleentheid raakgesien om ons diens aan u, ons lede en belanghebbendes, uit te brei deur die nodige kapasiteit te skep en ons markaandeel te verhoog.

Die KLK identiteit en kliëntebron sal uitgebrei word deur 'n groter verskeidenheid van produkte, dienste, stelsels en veral kundigheid van ABSA Versekerings- en Finansiële Adviseurs as internasionale rolspeler op die gebied van Agri-verskering, aan boord te bring.

Die samewerkingsooreenkoms tussen KLK Versekering en ABSA Versekerings- en Finansiële Adviseurs raak dus slegs die versekeringsaspek van ons verhouding met u en is effektief, 1 April 2009.

Die samewerkingsooreenkoms behels dat u steeds deur 'n adviseur van KLK gediens word, maar dat die produkte en dienste binne die ABSA Versekerings- en Finansiële Adviseurs stal, waarde vir u kan toevoeg om dit wat u portefeulje die beste pas, aan u beskikbaar te stel. KLK sien hierdie alliansie as 'n wen-wen strategie vir alle partye aangesien dit ook groei en uitbreiding van ons bestaande kliënte/ledetal insluit en gevolglik lei tot 'n groter en meer mededingende besigheid.

As deel van die beter produkreeks en dienste beplan ons dan ook om KLK se infrastruktuur uit te brei en addisionele fasiliteite en mannekrag beskikbaar te stel in die Calvinia, Kuruman en Postmasburg omgewing asook 'n addisionele adviseur op Upington te vestig. Hierdie dienste sal vanuit die KLK kantore bedryf word in samewerking met die bestaande KLK versekeringspan en die finansiële adviseurs van ABSA.

U sal vanaf April 2009 deur Hannes Botha of 'n alternatiewe adviseur gekontak word om u bestaande portefeulje te hersien.

KLK is opgewonde om hierdie beter diens en wyer produkreeks, in samewerking met ABSA Versekerings- en Finansiële Adviseurs, vir u beskikbaar stel.

Vriendelike Groete

STEPHEN VAN HUYSSTEEN
BESTURENDE DIREKTEUR

HANNES BOTHA
BESTUURDER: KLK VERSEKERING

DIREKTEURE:
JS Marais (Voorsitter), JPN Stander (Vise-Voorsitter), JM Bredenkamp, ZL Combi, WSB du Toit, JJA Smith, FJ van der Merwe, SDF van Huyssteen (Besturend), PP van Jaarsveld, JA van Zyl. Maatskappy Sekretaris G Marquard.